

**ALGEMENE ONDERWYS EN OPLEIDING**  
**SOSIALE WETENSKAPPE**

**GEOGRAFIE**  
**VRAESTEL 1**  
**FINALE EKSAMEN**  
**NOVEMBER 2014**  
**GRAAD 8**

**PUNTE : 75**

**TYDSDUUR: 90 MIN**

**SOSIALE WETENSKAPPE GEOGRAFIE**

**GR 8**

**NOVEMBER 2014**

**TYDSDUUR: 90 MINUTE**

**TOTAAL: 75**


**INSTRUKSIES EN INLIGTING:**

1. Hierdie vraestel bestaan uit **TWEE** afdelings, naamlik Afdeling A vir Kaartwerkvaardighede en Afdeling B vir Geografie.
2. Alle vrae moet beantwoord word.
3. Bestudeer al die bronne en tekste wat voorsien is noukeurig want hulle bevat baie leidrade wat jou sal help met die beantwoording van die vrae.
4. Neem kennis van die punttoekenning vir elke vraag om jou te lei hoe om te antwoord.
5. Skryf netjies en leesbaar.
6. Laat asseblief 'n lyn oop na elke vraag.
7. Hierdie vraestel bestaan uit **7** bladsye uitgesluit die voorblad

**AFDELING A: KAARTWERK**

**VRAAG 1:**


1.1 Gebruik **BRON 1A** en jou eie kennis om die volgende vrae te beantwoord:



- 1.1.1 Verduidelik die term breedte graad (1x2=2)
- 1.1.2 Wat noem ons die 0° breedtelyn? (1x2=2)
- 1.1.3 Benoem die tipe lyn by F en G onderskeidelik. (2x2=4)
- 1.1.4 Verskaf **TWEE** funksies/kenmerke van die tipe lyn by F. (2x1=2)
- 1.1.5 Verskaf die koördinate van X waar die twee lyne kruis. (4x1=4)
- 1.1.6 Die skaal van **BRON 1A** is 1:50 000. Verduidelik in woorde wat dit beteken. (2x2=4)

- 1.1.7 As **BRON 1A** met 'n 1:250 000 topografiese kaart vergelyk word, watter een van die twee sal as 'n **KLEINSKAAL** kaart beskou word? . (1x2=2)
- 1.1.8 Die afstand tussen punt **J** en **K** is **2.5cm**. Bereken die werklike afstand in **km**. Toon alle berekeninge aan. (Onthou die skaal is 1:50 000) (4x1=4)
- (24)**

1.2 Bestudeer **BRON 1B** en beantwoord die vrae wat volg:




- 1.2.1 Benoem die halfronde by **A**. (1x1=1)
- 1.2.2 Verduidelik die term Somersonstilstand in die suidelike halfrond (1x1=1)
- 1.2.3 Verduidelik hoe die aarde se kanteling soos deur **B** voorgestel, winter in die Suidelike halfrond veroorsaak. (2x2=4)
- (6)**

**(30)**

**AFDELING B****VRAAG 2**

**Sleutelvraag: Watter natuurlike verskynsels beïnvloed reënval en temperatuur?**

- 2.1 Gebruik **BRON 2A** en en jou eie kennis om die volgende vrae te beantwoord:

**BRON 2A**


- 2.1.1 Benoem die kante van die berg wat genoem is **A** en **B** onderskeidelik ten opsigte van reënval. (2x1=2)
- 2.1.2 By watter deel van die berg is dit die koudste, **D** of **C**? Verskaf slegs die nommer **bv. 2.1.2 E** (1x2=2)
- 2.1.3 Verskaf **EEN** rede vir jou antwoord in **VRAAG 2.1.2**. (1x2=2)
- 2.1.4 Watter kant van die berg is die natste, **A** of **B**? Verskaf slegs die nommer **bv. 2.1.4 E** (1x2=2)
- 2.1.5 Verskaf **TWEE** redes vir jou antwoord in **VRAAG 2.1.4** (2x1=2)

**(10)**

- 2.2 Bestudeer **BRON 2B** wat handel oor stedelike nedersettings en beantwoord die vrae wat volg:

**Sleutelvraag: Wat is die verskillende vorms van grondgebruik in nedersettings?**

**BRON 2B**



- 2.2.1 Wat is 'n 'stedelike nedersetting?' (1x2=2)
- 2.2.2 Verskaf die nommer van hierdie nedersetting in **BRON 2B** se sentrale sakegebied (1x2=2)
- 2.2.3 Kies die korrekte antwoord. Skryf slegs die letter van die korrekte antwoord teenoor die vraagnommer neer **bv. 2.2.3.1 D**
- 2.2.3.1 Die grondgebruiksone by 2 is 'n:  
 A. Sentrale besigheidsdistrik  
 B. Ligte nywerhede  
 C. Landelike Stedelike oorgangsones  
 D. Vervalsones (1x2=2)
- 2.2.3.2 Die grondgebruiksone by 4 is 'n:  
 A. Ontspanningsgebied  
 B. Swaar nywerhede  
 C. Middelinkomste woonbuurt  
 D. Landelike stedelike oorgangsones (1x2=2)

2.2.4 By watter grondgebruiksone in **BRON 2B** sal mens 'n ontspanningsaktiwiteit kan beoefen?: Verskaf slegs die nommer **bv. 2.2.4 5**

(1x2=2)


(10)

(20)

**VRAAG 3**

3.1 Gebruik **BRON 3A** en jou eie kennis om die volgende vrae te beantwoord:

**BRON 3A**



3.1.1 Wat is 'n 'hawe'?

(1x2=2)

3.1.2 Verskaf die naam van die vraghawe wat die meeste vrug uitvoer aan die Oos-kus van Suid Afrika

3.1.3 Daar is 'n spoorlyn gebou om ystererts vanaf Sishen na Saldanha te vervoer. Verskaf **EEN** rede waarom hierdie spoorlyn so reguit is.

(1x2=2)


3.1.4 Verskaf die naam van Suid-Afrika se belangrikste Noord-Suid-padverbinding.

(1x2=2)

3.1.5 Oliver Tambo is Suid-Afrika se besigste Internasionale lughawe. In watter provinsie is hierdie lughawe geleë? (1x2=2)

3.1.6 Suid-Afrika se vervoernetwerk is tans onder groot druk om die toename in die aantal voertuie te hanteer. Skryf 'n paragraaf waarin die nadele van padvervoer uiteengesit word. (5x1=5)  
(15)

3.2 Bestudeer **BRON 3B** wat handel oor die verskillende soorte vervoer in stedelike gebiede en beantwoord die vrae wat volg:



3.2.1 Wat is openbare 'vervoer'? (1x2=2)

3.2.2 Wat noem ons die passasier wat daagliks van openbare vervoer gebruik maak? (1x2=2)

3.2.3 Wat word volgens **BRON 3B** die meeste vervoer: Vrag of passasiers? (1x2=2)

3.2.4 Benoem die vervoermiddel wat die meeste gebruik word binne die eerste agt ure van 'n dag. (1x2=2)

3.2.5 Watter vervoermiddel sal bygevoeg kan word of verbeter word om die aantal motors na die stad te verminder. (1x2=2)

(10)

**GROOTTOTAAL: 75**



**ALGEMENE ONDERWYS EN OPLEIDING**

**SOSIALE WETENSKAPPE**

**GEOGRAFIE**

**VRAESTEL 1**

**MERKGIDS**

**NOVEMBER 2014**

**GRAAD 8**

**PUNTE : 75**

**TYDSDUUR: 90 MIN**

**VRAAG 1****1.1**

- 1.1.1 Breedtegrade is lyne wat reg rondom die aardbol loop en is parallel met die ewenaar  $\checkmark\checkmark$ . Dui 'n plek noord of suid van die ewenaar aan.  $\checkmark\checkmark$  (**ENIGE EEN**) (1x2=2)
- 1.1.2 Ewenaar  $\checkmark\checkmark$  (1x2=2)
- 1.1.3 G = Breedtelyn  $\checkmark\checkmark$   
F = Lengtelyn  $\checkmark\checkmark$  (2x2=4)
- 1.1.4 - Verbind die noord en suidpool.  $\checkmark$   
- Dui aan of 'n plek in die oostelike of westelike halfrond is/wes of oos van die Greenwich lyn.  $\checkmark$  (2x1=2)
- 1.1.5  $20^{\circ} 02'$   $\checkmark$  Oos  $\checkmark$  en  $34^{\circ} 49'$   $\checkmark$  Suid  $\checkmark$  (4x1=4)
- 1.1.6 Dit beteken die werklikheid is 50 000 keer verklein op die kaart  $\checkmark\checkmark$  en dat 1 cm op die kaart 50 000 cm op die grond is/ werklikheid voorstel  $\checkmark\checkmark$  (2x2=4)
- 1.1.7 Die 1;250 000 kaart (1x2=2)
- 1.1.8  $2.5 \text{ cm} \times 50\,000 \checkmark = \frac{125\,000}{100\,000} \checkmark$   
 $= 1.25 \text{ km} \checkmark\checkmark$  (4x1=4)

**(24)****1.2**

- 1.2.1 Suidelike Halfrond (1x1=1)
- 1.2.2 Dan skyn die son se strale loodreg op die Steenbokskeerkring en dan is dit somer in die suidelike halfrond.  $\checkmark$  (1x1=1)
- 1.2.3 Die aarde kantel oor sodat die son se strale loodreg op die kreefskeerking skyn maar baie skuins op die steenbokskeerkring.  $\checkmark\checkmark$  Die son se strale is dan minder gekonsentreerd in die suidelike halfrond en dis dan winter daar.  $\checkmark\checkmark$  (2x2=4)

**(6)****(30)**

**VRAAG 2:****2.1**

- 2.1.1 A= Windkant ✓  
B= Lynkant ✓ (2x1=2)
- 2.1.2 C ✓✓ (1x2=2)
- 2.1.3 Temperatuur daal met 'n toename in hoogte ✓✓ (1x2=2)
- 2.1.4 A ✓✓ (1x2=2)
- 2.1.5 Warm vogtige winde van die see af waai teen die windkant van berg. **A** Die lug aan die windkant styg op, koel af, kondenseer en dan reën dit daar. ✓ Wolke wat oor die berg beweeg het dus minder vog en reënval dus minder by **B** ✓

**(10)****2.2**

- 2.2.1 Dis 'n geboude gebied met meer as een soort funksie en baie dienste en verskillende grondgebruiksones. ✓✓ (1x2=2)
- 2.2.2 1 ✓✓ (1x2=2)
- 2.2.3.1 2 = Ligte Industriële sone ✓✓ (1x2=2)
- 2.2.3.2 4= Middelinkomste woongebied (1x2=2)
- 2.2.4 Nr 7 ✓✓ (1x2=2)

**(10)****(20)****VRAAG 3:****3.1**

- 3.1.1 Dit is 'n natuurlike of mensgemaakte plek waar skepe kan skuil in slegte weer en waar goedere of passasiers op skepe opgelaaai of afgelaaai kan word ✓✓ (1x2=2)
- 3.1.2 Richardsbaai ✓✓ (1x2=2)
- 3.1.3 Die terrein is baie gelyk ✓✓ (1x2=2)
- 3.1.4 Die N1 snelweg ✓✓ (1x2=2)
- 3.1.5 Gauteng ✓✓ (1x2=2)
- 3.1.6 - Padvervoer veroorsaak meer lugbesoedeling as spoorvervoer ✓  
- Swaar en oorlaaide vragmotors dra by tot die ontstaan van

	gevaarlike slaggate. ✓	
	-Groot en stadige vragmotors vertraag verkeersvloei en dra by tot verkeersopeenhopings. ✓	
	-Padvervoer is duur om klein/ligte vragte oor lang afstande te vervoer. ✓	
	-Die ontwikkeling en instandhouding van paaie is duurder as spoorvervoer ✓	
	-Daar is meer pad as spoor en lugongelukke ✓	
	-Die ontwikkeling van padnetwerkverbindings het 'n groter impak op die omtgewing as spoor en lugvervoer. ✓	
	(Enige <b>VYF</b> . Aanvaar ander relevante antwoorde)	(5x1=5)
		<b>(15)</b>
3.2		
3.2.1	Dit is 'n vervoerstelsel wat deur enige persoon gebruik kan word teen 'n vorm van betaling. Word gewoonlik deur 'n regering of stadsraad verskaf ✓✓	(1x2=2)
3.2.2	Pendelaars ✓✓	(1x2=2)
3.2.3	Passasiers ✓✓	(1x2=2)
3.2.4	Motors ✓✓	(1x2=2)
3.2.5	Treine en busse ✓✓	(1x2=2)
		<b>(10)</b>
		<b>(25)</b>
	<b>GROOT TOTAAL:</b>	<b>(75)</b>